LAERSKOOL
EIKESTAD

Doornboschstraat, Stellenbosch, 7600 021 887 4610 071 886 6995 eikestad@eike.co.za www.eike.co.za

Navrae: M Basson (Finansiële Kantoor)
Omsendbrief: 1/2019
Datum: 23 Oktober 2019

Geagte Ouers

ONDERWERP: SKOOLGELDBETALING

Dankie aan alle ouers wat hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool getrou nakom.

Ons poog om onderwys en ontwikkelingsgeleenthede van uitstaande gehalte vir die leerders te skep. Die skool word egter finansieel op 'n beperkte mate deur die staat ondersteun en daarom moet ons dit self op 'n finansieel haalbare grondslag bestuur. Dit is dus van kardinale belang dat die totale begrote bedrag vir skoolgeld, wel betaal word. Aangesien die skool nie op 'n winsgewende basis funksioneer nie, maar van jaar tot jaar op 'n kontantvloeibegroting funksioneer, kan ons slegs met die bedrywighede van die skool voortgaan indien alle ouers hulle verantwoordelikheid nakom.

Die finansies van die skool word konserwatief bestuur en is jaarliks aan 'n eksterne ouditproses onderworpe.

Volgens die SA Skolewet 84 van 1996, mag die Beheerliggaam van 'n skool skoolgeld hef en is die betaling daarvan afdwingbaar. Op die jaarlikse begrotingsvergadering van 22 Oktober 2019, waarheen alle ouers uitgenooi is, is daar 'n resolusie aanvaar dat die skoolgeld vir 2020 op R 20 440 per leerder van Graad R tot 7 vir die jaar vasgestel is. Betaling hiervan is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. Beide die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerling is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld.
2. Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en mag onder geen omstandighede agterstallig raak nie. Betaling kan eenmalige of in 10 paaiemente aangebied word en kan per debietorder of elektroniese oorplasing geskied.
   - Indien u verkies om die skoolgeld eenmalig te betaal, en die betaling voor of op 28 Februarie 2020 geskied, word 'n vroegbetalingskorting van R1 000 toegestaan en beloop die skoolgeldbedrag vir die jaar dan slegs R19 440.
   - Indien betaling in 10 paaiemente aangebied word, moet betaling stiptelik voor of op die eerste dag van Februarie en elke maand daarna tot November geskied. Indien u dus verkies om die 15de van 'n maand of aan die einde van 'n maand te betaal, moet die eerste betaling reeds in Januarie gemaak word.
   - Indien u verkies om per debietorder te betaal, voltooi asseblief die Debietorderopdrag (Bylae C).
   - **Elektroniese betalings van skoolgeld moet die leerder se rekeningnommer as verwysing hê.** Die nommer verskyn op u rekening, maar u kan ook die finansiële kantoor daarvoor kontak. Die skool se rekeningbesonderhede is soos volg:
     ABSA Stellenbosch
     Takkode: 334410
     Rekeningnommer: 410 144 816
3. Sodra 'n rekening agterstallig word, word die volle uitstaande jaarbalans van skoolgeld, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar. Indien betaling nie onmiddellik geskied nie, sal die volle bedrag vir invordering oorhandig word. Sodra oorhandiging plaasvind, word die ouer/voog aanspreeklik vir alle invorderingskostes, insluitende prokureursfooie op die prokureur- en kliëntbasis, plus invorderingskommissie.

Die volgende prosedure word gevolg t.o.v. agterstallige rekeninge:

STAP	AKSIE	DATUM
STAP 1	Omsendbrief: Skoolgeldbetaling	23 Oktober 2019
STAP 2	Faktuur vir skoolgeld word uitgestuur	Januarie 2020
STAP 3	Paaiement 1 betaalbaar	1 Februarie 2020
STAP 4	Paaiement 2 betaalbaar	1 Maart 2020
STAP 5	Skool stuur epos aan alle ouers met agterstallige rekeninge – Ouers het tyd tot 17 April om op datum te kom of 'n betalingsooreenkoms aan te gaan	3 April 2020
STAP 6	Geen betaling / geen ooreenkoms – Ouers word met kostes aan prokureur oorhandig	20 April 2020

GEDURENDE DIE JAAR WORD ENIGE REKENING WAT TWEE PAAIEMENTE AGTERSTALLIG IS, VANAF STAP 5 HANTEER.

4. Indien dit vir u finansieel onmoontlik is om die skoolgeld te bekostig, kan u aansoek doen vir afslag/vrystelling (Graad R uitgesluit). Die nodige vorms moet by die finansiële beampte aangevra en voor 31 Januarie 2020 ingedien word. Aansoeke sal net oorweeg word indien dit volledig voltooi en alle stawende bewyse aangeheg is. Die voorgeskrewe wetlike reëls sal dan gevolg word om te bepaal of daar afslag/vrystelling toegestaan kan word en hoeveel. Intussen, tot die aansoek verwerk is, moet volle maandelikse betalings van R2 044 (per leerder) vanaf 1 Februarie 2020 gemaak word.

Die gebruiklike fondsinsamelingspogings lewer jaarliks, met uitgebreide ouerhulp, 'n groot bydrae tot die finansies van die skool. Baie dankie vir die wonderlike samewerking waarop ons jaarliks kan staatmaak.

Ons wil 'n beroep op alle ouers doen om positief te staan teenoor die betaling van skoolgeld en dat u dit as prioriteit sal hanteer.

Neem asseblief kennis van die meegaande bylaes en stuur die voltooide vorms terug aan u jongste kind se klasonderwyser teen **1 November 2019**:

Bylae A: Betaalwyse en algemene besonderhede
Bylae B: Regulasies vir die betaling van skoolgeld
Bylae C: Debietorderopdrag (indien u van hierdie opsie gebruik maak)

Geliewe daarop te let dat beide ouers Bylae A en B moet onderteken. In geval van enkelouers, is dit nodig dat die ouer wat beheer en toesig van die leerder het, asook die persoon verantwoordelik vir die rekening, hierdie vorms moet onderteken. Deur ondertekening van hierdie dokumente aanvaar u die bepalings en onderneem om die skoolgeld stiptelik te betaal.

Dit is uiters noodsaaklik dat ons hierdie vorms terug ontvang, anders sal ons verplig wees om die volle skoolgeld van R20 440 op 28 Februarie 2020 betaalbaar te maak.

Dit is baie belangrik om die skool en die finansiële kantoor (finansies@eike.co.za) onverwyld in kennis te stel indien u die skool gedurende die jaar verlaat of indien daar enige verandering van u kontakbesonderhede is.

Die skool maak staat op u samewerking, ter wille van gehalte onderwys.

Beste groete

Henk Weyers
Skoolhoof

Andries Vermeulen
Voorsitter: Beheerliggaam

REK NO

BYLAE A

BETAALWYSE EN ALGEMENE BESONDERHEDE

Dui asseblief aan op watter wyse u onderneem om te betaal:

☐ Eenmalige betaling van R19 440 (per leerder) d.w.s R20 440 – R1 000 (vroegbetalingskorting) voor of op 28 Februarie 2020.

☐ Debietorder: 10 aftrekkings van R2 044 (per leerder) vanaf 1 Februarie 2020 tot 1 November 2020. ***(Heg asseblief 'n voltooide debietordervorm (BYLAE C) hierby aan.)***

☐ Maandelikse elektroniese oorbetaling van R2 044 (per leerder) in die tjekrekening van Laerskool Eikestad vanaf 1 Februarie 2020 tot 1 November 2020.

Voltooi asseblief die volgende algemene besonderhede:

Naam en van van leerders	**Graad (2020)**
1. _____	_____
2. _____	_____
3. _____	_____

Volle naam en van van vader/voog:	
Idnr.	**e-pos:**
Adres (woon en pos):	**Tel (h):**
	Tel (w):
	Sel:
	Faks:

Blaai om asb....

REK NO

BYLAE A (vervolg)

Volle naam en van van moeder/voog:	
Idnr.	e-pos:
Adres (woon en pos):	Tel (h):
	Tel (w):
	Sel:
	Faks:

Getroud ☐ Geskei/Ongetroud ☐ Weduwee/Wewenaar ☐

Dui aan wie verantwoordelik is vir die betaling van die skoolfondsrekening.

Vader ☐ Moeder ☐ Ander.....

Deur die ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bepalings soos uiteengesit in die meegaande omsendbrief en onderneem om die skoolgeld stiptelik te betaal soos ek hierbo aangedui het. Ek gee ook toestemming dat bogenoemde e-posadresse en selfoonnommers deur die skool gebruik mag word vir kommunikasie. Ek verklaar dat die inligting hierbo verskaf korrek is en dat ek die skool vroegtydig skriftelik in kennis sal stel van enige veranderinge.

Handtekening: ..... Handtekening: .....
Vader/Voog Moeder/Voog

Datum: ..... Datum: .....

Let asseblief daarop dat beide ouers hierdie vorm moet teken. Indien dit nie die geval is nie, verduidelik asseblief:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

REK NO

BYLAE B

SUID-AFRIKAANSE SKOLE WET, NR. 84 VAN 1996

REGULASIES VIR DIE BETALING VAN SKOOLGELD

OORSIGLYS

1.	Is u deur die skoolhoof meegedeel wat die jaarlikse skoolgeld vir die betrokke jaar is?	JA	NEE
2.	Is u deur die skoolhoof meegedeel dat u verantwoordelik is om die skoolgeld te betaal?	JA	NEE
3.	Is u deur die skoolhoof verwittig dat u mag aansoek doen om afslag/vrystelling van skoolgeld?	JA	NEE
4.	Wil u van die opsie gebruik maak om aansoek te doen vir afslag/vrystelling van skoolgeld?	JA	NEE

Naam en van van Vader/Voog

Handtekening

Datum

Naam en van van Moeder/Voog

Handtekening

Datum

REK NO

BYLAE C

DEBIETORDEROPDRAG

(Voltooi volledig indien u van hierdie opsie gebruik maak)

Debietorderfasiliteit 2020: Skoolgeld van R20 440.00 per leerder per jaar betaalbaar oor 10 maande.

Tydperk: 1 Februarie 2020 tot 1 November 2020.

Bestaande debietorder ☐ **OF** Nuwe debietorder ☐

REKENINGHOUER:

Naam: _____

_____

Adres: _____

_____

_____

_____

Telefoonnr: _____

Selfoonnr: _____

Eposadres: _____

Naam en van van leerders	**Gr (2020)**
1. _____	_____
2. _____	_____
3. _____	_____
4. _____	_____

BANKBESONDERHEDE:

Bank: _____

Taknaam en Dorp: _____

Takkode: _____

Rekeningnr: _____

Tipe Rekening

Lopende-/Tjekrekening ☐

Spaarrekening ☐

1. Ek magtig Laerskool Eikestad om my bankrekening te debiteer met die bedrag van die skoolfondspaaiement, insluitende agterstallige skoolfonds asook invorderingskoste.
2. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekkings teenoor my rekening te behartig, geen van sy regte aan 'n derde party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie magtiging aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.
3. **Betalings geskied op die eerste dag van die maand, met die eerste betaling op 1 Februarie en die laaste betaling op 1 November**.

Onderteken te ..... op hierdie ..... dag van ..... 20.....

.....

Handtekening van rekeninghouer